

SPIEËL STUDIE BYBEL

ROMANSE VAN DIE EEUE

mirrorWORD

2 Petrus

Vertaling deur Dr Anine Jordaan

Onderskrywing deur Desmond Tutu

Konstante

werksproses Uit die

oorspronklike teks vertaal

en geparafraseer in kontemporêre spraak

deur Francois du Toit

1:1 Ek is Simon die Rots, slaaf en gesand van Jesus Christus. Ons is saam hierin; dit is nie iets waarvoor ons moes meeding nie, aangesien ons gelyke [1] aandeelhouers is in 'n geloof van presies dieselfde kosbare waarde. Dit berus geheel en al op die meriete van die geregtigheid van God en ons Verlosser Jesus Christus.

*([1] Hy het ons gered van die leuens wat ons oor onsself geglo het. Die woord, [1]**lanchanō**, beteken om vooraf gemeet te word; om iets toegestaan te word deur toekenning. Dit beklemtoon die feit dat niks wat ons gedoen het of vasbeslote was om te bereik, enige invloed op God gehad het om ons te kwalifiseer nie. Geloof is nie iets wat ons doen om God te oorreed nie; geloof is wat met ons gebeur wanneer ons besef hoe oortuig God oor ons is. Verlossing behoort aan almal op grond van presies dieselfde meriete. God se geregtigheid oortuig ons. Wat God reg gedoen het in Christus, kanselleer alles wat Adam of ons verkeerd gedoen het. Sien Romeine 1:17 Hierin lê die geheim van die krag van die Evangelie; daar is geen goeie nuus daarin totdat die geregtigheid van God geopenbaar is nie. Die dinamiek van die evangelie is die openbaring van God se geloof as die enigste geldige basis vir ons geloof. Die Profete het vooraf geskryf oor die feit dat God glo dat geregtigheid die lewe definieer wat hy altyd vir ons in gedagte gehad het. Geregtigheid deur sy (God se) geloof definieer lewe.*

*[1] Die woord, ἰσότιμος [2]**isotimos**, van **isos**, beteken dit wat soortgelyk is; gelyk, en τιμή **timey** waarde, agting, dus as ewe kosbaar gereken.)*

1:2 God se [1]begeerte is dat ons nou toenemend oorweldig mag word met genade as sy goddelike invloed in ons en ten volle vertroud mag raak met die bewustheid van ons [2]eenheid. Die manier waarop Hy ons nog altyd [3]geken het, word besef in Jesus ons Meester.

*([1] Die werkwoord [1]**plethunthein,** wat beteken om te vermeerder, om te vermenigvuldig, is in die optatiewe bui wat 'n wens uitdruk.*

*[2] Die woord [2]**eirēnē,** beteken vrede, van **eirō**, om aan te sluit, om weer as een gestel te word, in timmerwerk is dit die sterkste gewrig, waarna verwys word as die swaelstertgewrig.*

*[3] Die [3]**kennis** van God is nie ons kennis van hom nie; dit is God se kennis van ons. Hy het ons geken voordat hy ons in ons moeder se baarmoeder gevorm het. Jeremia 1:5. In hierdie konteks kan niemand ooit weer geïgnoreer of verwaarloos voel nie.)*

1:3 Deur sy goddelike [1]ingenieurswese <u>het hy ons alles geskenk wat nodig is om voluit te lewe</u>, waar ons gewone daaglikse lewens ons [2]toewyding en romanse met ons Maker spieël. Sy [3]intieme kennis van ons [4]stel ons weer aan onsself voor en [5]verhef ons tot 'n posisie waar sy [6]oorspronklike bedoeling duidelik waargeneem word.

*([1] Ek het die woord, [1]**dunamis,** krag of vermoë, as ingenieurswese in hierdie konteks vertaal.*

*[2] Die woord [2]**eusebeia** beteken toewyding of aanbidding.*

*[3] Die woord [3]**epignoseos** dui op 'n intieme kennis; hier is dit in die Genitiewe geval, wat beteken dat God die eienaar van hierdie kennis is. Jeremia 1:5, 1 Korintiërs 13:12.*

*[4] Die woord [4]**kaleō**, beteken om 'n van te gee, ek het dit vertaal, hy het ons weer aan onsself voorgestel, wat herinner aan Jesus wat aan Simon, seun van Jona, sy oorspronklike identiteit verklaar het en sodoende die rotsgrondslag gelê het in ons begrip dat die seun van die mens inderdaad die seun van God is, wat nou in die ekklesia gevier word, wat letterlik ons oorspronklike identiteit beteken. Matteus 16:17,18.Die woord [5]**aretē** van **aireō** beteken om te verhef, om 'n mens se perspektief op te hef; dikwels vertaal, deug.*

*[1] Die woord [6]**doxa**, dikwels vertaal, glorie, van **dokeō**, oorspronklike bedoeling, opinie.)*

1:4 Dit is presies wat God altyd vir ons in gedagte gehad het; elkeen van sy oorvloedige en kosbare beloftes het gewys op ons herstelde deelname aan ons [1]goddelike oorsprong. Dit is sy geskenk aan ons. In hierdie gemeenskap het ons die verwronge invloed van die korrupte kosmiese virus van hebsug ontsnap.

([1] [1]Sy beeld en gelykenis is in ons verlos. Die foutlose instellings word herstel. Ons begin weer ten volle deelneem aan die lewe van ons ontwerp. Ongelukkig sê my moedertaal, in die ou Afrikaanse vertaling: As jy eers die korrupsie van die begeerlikhede van die vlees ontsnap het, sal jy beloon word met die goddelike natuur. Nou dit is om die wa voor die perde te sit.

*Ongelukkig herhaal ons gemagtigde bybels almal dieselfde fout in die volgende vers, 2 Petrus 1:5, deur te sê: **Voeg by jou geloof** deug, ens... Dit is nadat Petrus duidelik in vers 1 gestel het dat ons om mee te begin reeds gelyke aandeelhouers is in 'n geloof van presies dieselfde, kosbare waarde. Dan in vers 3, ... deur God se goddelike ingenieurswese is ons begaafd met alles wat nodig is om voluit te lewe!*

'n Mens kan nie byvoeg tot iets wat reeds voltooi is nie. 'n Mens kan egter deelneem aan die avontuur van 'n onbeperkte ontdekking.

Ek gebruik gereeld 'n 8-delige Babushka-pop om te illustreer dat daar soveel meer as net die buitenste beeld is. Dit is 'n tradisionele Russiese pop, pragtig uit hout gekerf en tot 'n kleurvolle beeld geverf. Die buitenste beeld word keer op keer herhaal in kleiner, identiese binnestukke — elkeen pas perfek in die ander. Totdat dit amper onmoontlik lyk dat nog 'n stuk die klein figuurtjie wat na vore kom, kan volg. Ons 5-jarige kleindogter, Nicola, noem dit die Reflection Doll.

*Geloof ontvou in hierdie wonderlike eienskappe waarmee elke persoon ewe begaafd is: 1/ **Geloof**; 2/ **Verheffing**; 3/ **Geestelike insig**; 4/ **Innerlike krag**; 5/ **Geduldige volharding** — soos 'n broeiende hen; 6/ **Betekenisvolle toewyding en aanbidding**; 7/**Opregte liefde vir ander** en laastens, die hart van geloof is 8/ die **Agapē** van God.*
Maak julle nou vertroud met hierdie.

*Die sleutelwoord hier, in Petrus se illustrasie, is die woord **epichoregeō** wat tradisioneel vertaal is na 'voeg by'. Die etimologiese waardes in die komponente van hierdie woord beskryf duidelik 'n dirigent van musiek.)*

1:5 Nou *[in die lig van wat ons in Christus begaafd is],* **is die verhoog gereed om die uitnemendheid van die lewe te toon. Verken die avonture van geloof. Stel jou die uiterste toewyding en fokus van 'n [1]dirigent van musiek voor; hoe hy homself [2]ywerig sou [3]vergewis van elke individuele stem in die koor, sowel as die bydrae van elke**

spesifieke instrument, om die presiese klank wat in elke enkele noot voorgestel word, te volg om maksimum krediet aan die oorspronklike komposisie te gee. Dit is presies wat dit beteken om die goddelike karakter te vertoon. Jy is die koordirigent van jou eie lewe. Maak julle vertroud met elke bestanddeel wat geloof ontvou. Kyk daar hoe [4]verhewe jy is, en vanuit hierdie posisie *[van saam met Christus sit],* **sal [5]verligte perspektief in jou aanbreek.**

*([1] Die woord, [1]**epichoregeō**, kom van **epi**, 'n Voorsetsel van posisie, oor, in beheer, wat dui op voortdurende invloed op, **+ koor**, koor, orkes of dans*

***+ agō**, wat beteken om te lei soos ' n herder sy skape lei; dus die dirigent van musiek.*

*[2] [2]Gee alle ywer, uiterste toewyding. Die woord, [2]**spoude**, beteken om jouself onmiddellik en op die ernstigste te interesseer.*

*[3] Die woord, [3]**pareisphero,** beteken om gelyktydig bekend te stel. Ek het dit vertaal om jouself te vergewis van elke detail van die geheel. Uit **para**, 'n Voorsetsel wat nabyheid aandui, iets wat voortspruit uit 'n invloedsfeer, met 'n voorstel van vereniging van woonplek, wat uit sy outeur en gewer ontstaan het, afkomstig van, wat die punt aandui waaruit 'n aksie ontstaan, intieme verband, **+ eispherō**, om na binne te reik. Voor 'n uitvoering sal die eerste violis die presiese toonsoort van die stuk wat gespeel moet word, gee; nou kan elke instrument fyn op daardie noot ingestel word, op dieselfde manier wat die geloof van God daardie presiese toonhoogte gee.*

*[4] Die woord, [4]**arete**, dikwels vertaal, deug, kom van die woord **airō**, om op te rig, om te verhef. Geloof ontvou die geheim van ons gesamentlike verheffing met Jesus. Sien jouself saam met Christus sit. Kolossense 3:1-3. Nou vanuit hierdie verhewe posisie begin ons nuwe horisonne sien; trouens, ons begin alles anders sien. Daar is 'n vlak van begrip, [5]**gnosis**, 'n weet, wat slegs deur geloof verkry kan word. In Hebreërs 11:3 verstaan ons deur geloof dat die eeue deur die Woord van God omraam is.)*

1:6 Hier sal jy jou innerlike krag besef en hoe volkome bekwaam jy is om te midde van enige teenstrydigheid te seëvier in [2]geduldige volharding. Dit is vanuit hierdie plek van verligte perspektief dat betekenisvolle toewyding en aanbidding ontbrand.

([1] Geestelike krag oortref verstandelike-, spier- of wilskrag verreweg. Jesaja 40:31.

*Sien **Efesiërs 1:19** Ek bid dat julle [1]oorweldig sal word deur die ongeëwenaarde grootheid en omvang van sy krag, [2]wat Hy in ons, in Christus, bewerkstellig het, volgens die werking van sy groot mag! Dit is die [3]gevolgtrekking en dinamiek van [4]geloof.*

***Efesiërs 1:20** Wil jy die verstand en spierkrag van God meet? Dink aan die krag wat hy in Jesus Christus ontketen het toe hy hom uit die dood opgewek het en hom vir ewig op die troon geplaas het as sy uitvoerende gesag in die ryk van die hemele. Jesus is God se regterhand van krag. Hy is opgehef uit die diepste kerkers van menslike wanhoop tot die hoogste streek van hemelse saligheid. (Sien Ef 2:5,6 en 4:8,9.)*

Efesiërs 1:21 *Oneindig bo al die gekombineerde magte van heerskappy, gesag, volmag of regerings; hy word hoër gerang as enige naam wat ooit aan enigiemand van hierdie eeu gegee kan word of enige eeu wat nog in die ewige toekoms kom.*

[2] Sien ***Jakobus 1:4*** *(Net soos 'n moederhen geduldig oor haar eiers broei), bied standvastigheid jou 'n konsekwente omgewing, en so seëvier geduld en bewys jou volmaaktheid; hoe heeltemal heel is jy en sonder enige tekort.)*

1:7 In aanbidding sal julle 'n opregte liefde vir ander vind. In die hart van alles wat geloof ontvou, is [1]die agapē-liefde van God.

*(Aanbidding en toewyding sluit in om mense te ag en vriendskap te eer [Jakobus 3:9]; dieselfde stem wat God verheerlik, kan nie 'n persoon beledig wat na God se beeld gemaak is nie. Ware aanbidding is om iemand se lewe aan te raak met dieselfde toewyding en sorg as wat jy Jesus self sou aanraak; selfs al lyk die ander persoon na 'n baie onwaarskynlike kandidaat. Die woord, [1]**agapaō**, is van **agō**, wat beteken om te lei soos 'n herder sy skape lei, en **paō**, om te rus; soos in Psalm 23, lei hy my langs stil waters, hy herstel my siel; of, deur die waters van nadenke, onthou my siel wie ek is. Die boodskap lees, elke dimensie pas by die ander in en ontwikkel dit.)*

1:8 Terwyl julle ywerig [1]die presiese eienskappe van elke goddelike kenmerk in julle beoefen, sal die volume met toenemende geesdrif styg en julle daarteen beskerm om ondoeltreffend en onvrugbaar te wees in julle kennis van die Christuslewe, wat met soveel gesag en welsprekendheid in Jesus vertoon word.

*([1] Hierdie dinge is in julle. Die woord, [1]**uparcho**, vertaal oefen, van **upo + archomai**, om van die begin af te begin of te oefen. Die woord **archē** dui op aanvang of begin.)*

1:9 As iemand voel dat hierdie dinge in sy lewe afwesig is, is dit nie; geestelike blindheid en kortsigtigheid versluier dit net vir julle. Dit gebeur wanneer 'n mens jou onskuld uit die oog verloor.

(Die oomblik wat 'n mens die geweldige gevolg vergeet van die feit dat ons van ons vorige sondes gereinig is, lyk dit asof 'n mens weer besig raak met die onmiddellike sintuigbeheerde horison, waaroor kortsigtigheid gaan; dit maak 'n mens blind vir sy seëninge. Geestelike realiteite lyk skielik vaag en ver. Maak kennis met jou onskuld.)

1:10 Daarom wil ek julle, my medefamilie, aanmoedig om elke onmiddellike poging aan te wend om vas te staan in die kennis van ons [1]oorspronklike identiteit [2]wat in die logika van God geopenbaar en bevestig is. Betrek hierdie realiteite ten volle by jou lewenstyl, en so sal jy nooit [3]misluk nie.

*([1] Jou oorspronklike identiteit, [1]**kaleō**, dikwels vertaal as roeping, om 'n van te gee, om by die naam te identifiseer;*

*[2] [2]**eklogen**, wat dikwels as uitverkiesing vertaal word; maar die twee dele van hierdie woord, **ek**, 'n Voorsetsel wat oorsprong of bron aandui, en **legō**, van **logos**, suggereer die oorspronklike woord [die logika van God] as ons bron [Johannes 1:1,14]*

.

*[3] Die woord, [3]**ptaio**, beteken om te misluk, wankel of weer uit pas te raak in die konteks van vers 5, letterlik om te val, hoogte te verloor, om op te hou vlieg.)*

1:11 So sal die groot [1]dirigent van musiek julle lewe in die volle volume van die harmonie van die eeue intrek; die [2]koninklike lied van ons Verlosser Jesus Christus. *(In Kolossense 2:19 is julle direk verbind met Christus wat soos 'n koor dirigent, die musiek uit almal trekt soos 'n tapisserie van kuns wat in harmonie verweef is om die volle statuur van goddelike inspirasie, wat Christus in jou is, te openbaar. Weer word die woord [2]**epichoregeō** gebruik, die koordirigent; hierdie keer doen God die dirigering en lei ons in sy harmonie; [2]**eis + odos**, wat toegang tot die pad beteken. Tog verkies ek in hierdie konteks die gedagte dat ons in 'n lied, 'n **ode**; 'n seremoniële liriese gedig, gelei word. Die vorm word gewoonlik gekenmerk deur verhewe gevoel en styl. Die term **ode** is afgelei van ' n Griekse woord wat verwys na ' n koorlied, gewoonlik vergesel van 'n dans; ook 'n gedig wat vir koninklike geleenthede gesing moet word.)*

1:12 Nadat ek dit alles gesê het, is ek seker dat julle kan verstaan waarom ek so dringend voel in my toewyding aan julle om hierdie dinge herhaaldelik onder julle aandag te bring; soos julle inderdaad reeds julle standpunt ingeneem het vir die waarheid soos dit nou geopenbaar word.

1:13 Terwyl ek dus nog in hierdie lyfpak is, neem ek my leiding uit die openbaring van geregtigheid en maak dit my taak om julle deeglik aan te roer totdat hierdie waarhede permanent in julle geheue gevorm word.

1:14 Des te meer omdat ek weet dat my tyd in hierdie tabernakel amper verby is; ons Here Jesus Christus het my hiervoor voorberei.

1:15 Intussen sal Ek alles doen wat nodig is om dit vir julle moontlik te maak om hierdie werklikhede altyd maklik te onthou, selfs in my afwesigheid.

1:16 Ons is nie bedrieërs wat fiksies en fabels versin om gewig te gee aan ons weergawe van sy majestueuse voorkoms nie; met ons eie oë het ons die kragtige vertoon van die verligte teenwoordigheid van Jesus, die Meester van die Christus-lewe, aanskou.

(Sy gesig het soos die son geskyn, selfs sy klere was skitterend wit. Matteus 17.)

1:17 Hy is skouspelagtig deur God die Vader in die hoogste eer en heerlikheid onderskryf. Toe spreek 'n stem uit die wolk: Dit is die Seun van my vreugde; hy behaag my heeltemal.

(Matteus 17:5 'n stralende wolk het hulle omhul.)

1:18 Vir Johannes, Jakobus en ek is die profetiese woord sonder twyfel vervul; ons het hierdie stem hard en duidelik uit die hemelse ryk gehoor terwyl ons saam met Jesus was in daardie heilige oomblik op die berg.

1:19 Vir ons is die verskyning van die Messias nie meer 'n toekomstige belofte nie, maar 'n vervulde werklikheid. Nou is dit julle beurt om meer as 'n tweedehandse getuienis van hoorsê te hê. Neem my woord soos 'n mens snags 'n lamp sou neem; die dag is op

die punt om binne-in julle aan te breek, in julle eie begrip. Wanneer die Morester verskyn, het julle nie meer die lamp nodig nie; dit sal binnekort op die horison van julle eie harte gebeur.

(Petrus besin oor die Joodse gebruik om lampe in hulle huise aan te steek ter voorbereiding vir die dag van die Sabbat. Sien ***Lukas 23:54 Dit was die dag van voorbereiding en die Sabbat*** [1] ***het reeds geglinster van lig.***

[1] Die woord, ἐπιφώσκω ***epiphōskō*** *— die Jode sou lampe in hul huise net voor sononder op die aand van die Sabbat aansteek.*

Sien my uitgebreide aantekeninge oor die dag van voorbereiding aan die einde van Lukas 23)

1:20 Dit is baie belangrik om te verstaan dat die profetiese woord wat in die Skrif opgeteken is, nie ons interpretasie of opinie benodig om dit geldig te maak nie.

1:21 Die heilige mense wat die eerste keer hierdie woorde van ouds gespreek het, het nie hierdie gedagtes uitgedink nie, hulle het bloot God se orakels uitgespreek soos hulle individueel deur die Heilige Gees geïnspireer is.

1 Petrus sal in 'n toekomstige uitgawe van die Spieëlstudiebybel voortgesit word.

Die res van 2 Peter moet nog vertaal word.